SUSSEX CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA

NEWSLETTER ISSUE 02/2015

P.O. Box 506, Bloemfontein 9300
18 Henry Street, Westdene, Bloemfontein
Tel: 051 410 0967 Fax: 0867689669
E-mail: Sussex@studbook.co.za
www.sussex.co.za

SUSSEX PRESTIGE AWARDS 2015

SUSSEX PRESTIGE FLOATING TROPHIES

Sussex Kingsdown Floating Trophy:

Sir Robin Leigh-Pemberton was the Guest of Honour at the South African 1993 World Congress (first ever for Sussex). At the time he was Governor of the Bank of England - but was also a Sussex breeder. He later became Lord Kingsdown & presented two trophies for the herds with the best fertility - one for large herds & one for small herds. His son continues to breed Sussex on the family farm in Kent. Lord Kingsdown died about a year ago. - Anthony Evans

(The Society misses the small herd floating trophy: any person with news about the whereabouts of this trophy kindly contact the Sussex Office)

Sussex Herd of the year Floating Trophy

At the 2014 Sussex World Conference the England Sussex Society gifted the South African Sussex Society with a silver trophy which the South African Sussex Council had mounted into a Herd of the Year Floating Trophy.

Kingsdown Toekennings

Kudde 50-99 vroulike diere met 2 kalwings en meer,

1ste Witkwas Mnr. N.J. Bouwer TKP 392 dae (foto aangeheg)
2de Rohan Meintjes Sterkfontein TKP 397 dae
3de Dawie Albertyn Nacht Wacht TKP 405 dae

Kudde 1-49 vroulike diere met 2 kalwings en meer,

1de Corne Rust Koringplaas TKP 378 dae
2de Annalea van Niekerk TKP 381 dae
3de Albert Kotze Almaija TKP 387 dae

Sussex nuwe Junior Beoordelaars!

Baie geluk aan:

Gert Fourie, Kyknou Stoet, Gertjie Fourie, Kyknou Stoet, Pieter Stofberg, Platdrif Stoet en DeVilliers Lamprecht, Santori Stoet

1. Kudde van die Jaar toekenning

1ste Junior Keyser, Blema ba Kan Stoet

Links: 2de Anthony & David Evans, Rhys Evans Group

Regs: 3de Theo van Zyl, Faurzyl

2. Kingsdown Trofee

Theo van Zyl, Faurzyl wen hierdie trofee vir die 19e jaar agtereenvolgend!
Kudde 100 en meer vroulike dier met 2 kalwings en meer,
1ste Theo van Zyl Faurzyl TKP 375 dae 2de Anthony Evans Rhys Evans Group TKP 394 dae
3de Trevor Stötter Stötterheim TKP 486 dae

Sussex Nominasies SA Stamboek Vleissentraal Elite Bulgroeitoetskompetisie 2016

Baie geluk aan

Regter Cillié	Avocate Sussex Stoet	78120094	SSXMCC 130041
Junior Keyser	Blema ba Kan Sussex Stoet	78262698	SSXMGBK 130015
Junior Keyser	Blema ba Kan Sussex Stoet	78340445	SSXMGBK 130025
Junior Keyser	Blema ba Kan Sussex Stoet	78494986	SSXMGBK 130031
Junior Keyser	Blema ba Kan Sussex Stoet	78262680	SSXMGBK 130012

Ouerskapsverifikasie 2014: *Gelukwense aan die volgende telers wat hul ouerskapsverifikasie suksesvol afgehandel het:*

Theo van Zyl, Faurzyl Sussex

At the Sussex Annual General Meeting the Constitution was amended that Council be reduced from 12 to 6 members.

The following members were chosen to be the Sussex Council 2015 2016:

From left to right in the front: Daleen Potgieter (Vice President), Arno Cronje (President), Dallas Phillips
From left to right in the back: Nollie Stofberg, Geoff Orpen, James Stephen

SUSSEX BEESTELERSGENOOTSKAP RAAD 2015/2016

	Naam	Sel nr	EMAIL
President	Arno Cronje	0846991086	arno.cronje@re.co.za
Vise-President	Daleen Potgieter	0828165969	daleenp@suidwes.co.za
Finances	Geoff Orpen	0824909647	avoca@eci.co.za
Breed Standards	Dallas Phillips	0845889955	-
Marketing	James Stephen	0824940015	27824940015@vodamail.co.za
National Sale/Sales	Nollie Stofberg	0828345979	nolliestofberg#compnet.co.za

2015 Veilingsvergelyking

Tabel 2

Aanhangsel stelsel of opgraderingstelsels

Die doel van die aanhangsel- of opgradering stelsel, is hoofsaaklik vir die uitbreiding van ’n ras se genepoel. Hiermee saam stel dit die ras in staat om vinniger in getalle te groei, en dit help nuwe toetreders tot die stoetbedryf, om met bestaande diere te begin as basis, en dan “op te teel” na SP status. Alhoewel dit as ’n lang proses gesien kan word, kan dit moontlik finansiële voordele vir die telers inhou. Gedurende die proses kan die teler die nageslag verkoop as “graad” bull of dan F1, F2 ens, op voorwaarde dat dit so gespesifiseer word, en sulke diere sal natuurlik nie die SX brandmerk op hê nie. Hierdie diere moet ook geïnspekteur word en aan die minimum rasstandaarde voldoen

Een voorbeeld van so ’n uiters suksesvolle kudde in die verlede is die gewese Skietlaagte kudde van Viljoenskroon.

Die spesifieke detail van die vereistes is in die Konstitusie van die Sussex Genootskap uiteengesit. Die proses verloop min of meer as volg (slegs voorbeeld met vroulike diere)

Aanhangsel A

1. Selekteer vroulike diere wat genotipies (met Sussex gene) en fenotipies (soos ’n Sussex lyk) Dit is Aanhangsel A (gestel dit was ’n 50/50 Sussex Afrikaner kruis wat soos ’n Sussex lyk)
2. Hierdie diere moet deur 2 senior inspekteurs van die Genootskap gekeur word
3. Nadat die diere gekeur is word dit op die stelsel aangeteken soos vir stoet diere. Huidiglik is die fooie hiervoor 50% van stoetfooie.

Aanhangsel B

4. Paar die Aanhangsel A dier met ’n SP Sussex bul. Die vroulike nageslag is nou Aanhangsel B.
5. Vir Aanhangsel B diere is die fooie 75%

SP Sussex

6. Paar hierdie Aanhangsel B vroulike dier weer met ’n SP Sussex bul
7. Die nageslag hiervan is ’n SP dier

Hierdie diere moet elke jaar geinspekteur word.

Die proses sal ongeveer 8 jaar neem. Gestel jy doen dit met 50 van jou kommersieële diere, dan was dit nie nodig om 50 SP koeie aan te koop nie. In die 8 jaar selekteer jy jou vervangings verse en verkoop die res, so geen inkomste gaan verlore nie. Die bulletjies selekteer jy as graad bulle en verkoop as sulks, en die res word bemark soos gewoon. Jy verloor geen inkomste nie, en verhoog jou inkomste deur graad bulle te verkoop. Dieselfde proses kan van die manlike diere se kant af gedoen word, maar is nie so eenvoudig nie.

Hierdie is egter ’n stelsel wat met groot verantwoordelikheid en deursigtigheid gedoen moet word en ek versoek telers wat van hierdie stelsel gebruik wil maak, om my persoonlik te kontak, waarna ek en ’n ervare senior keurder u persoonlik sal besoek.

Ek moedig alle telers of voornemende telers om hieraan deel te neem. Dit sal ’n groot inspuiting van genetika in die Sussex ras wees, en ons in staat stel om vinneger te groei

Arno Cronje
(President)
0846991086

SUSSEX NASIONALE VEILING 2015

Op die Sussex Nasionale Veiling gehou op 20 Augustus 2015 was die top verkopers:

Hoogste Prys bulle: Lot 28 Bul Goliath 4th van die Rhys Evans Group (Huntersvlei) VILJOENSKROON aan Gert Fourie, Kyknou Sussex Stoet ASKHAM vir R100 00.00.

Huntersvlei Sussex Stoet,
Rhys Evans Group
Touleier: Frans Tsowane
Bul: Huntersvlei Goliath 4th

Hoogste prys vroulike dier: Dier PPS099309 van George en Daleen Potgieter, Pothou Sussex Stoet LEEUDORINGSTAD aan Nollie Stofberg, Platdrif Sussex Stoet WORCESTER (BOTHA) vir R46 000.00.

From left to right: George Potgieter (Seller), Deon Klopper GWK Auctioneer, Daleen Potgieter (Seller), Pieter Stofberg (Buyer) Nollie Stofberg (Buyer) Handler: Daniel Malema (Pothou Sussex)

Veeplaas en Johnson Workwear sponsor Sussex National Sale shirts

Thank you to Veeplaas (& Johnson Workwear) for the shirts

.....

André PRETORIUS
FOTOGRAFIE • PHOTOGRAPHY

Waar kliënte tevredenheid ons leuse is!

ANDRÉ PRETORIUS
083 236 5908

E-MAIL
andre@alpfotos.co.za

WEBWERF
www.alpfotos.co.za

SUSSEX CLUBS

KZN Sussex Club – 2015

This year 3 breeders exhibited at the Regional Sussex Championships at the Royal Show. The participants came from three different Provinces: Bulls Run from Himeville, KZN; Grey Maclean from East London (E Cape) and Vigorex (Free State). From a total entry of 8 animals the winners of the main classes were: Junior and Grand Champion Sussex Bull:- LAM13/03 (Bulls Run); Senior champion Bull:- 12/294 (Grey Maclean); Junior and Grand champion female JS12/26 (Vigorex). Special thanks to Linden Hewson who travelled 14 hours from East London and this after an interval of 18 years since his last outing to the Royal Show!

Clubhouse: Prior to show week the KZN club received a grant from the Sussex Society, which allowed us to renovate the clubhouse building and with help from the RAS in supervising the contractors. The clubhouse is now in a good condition and ready to host many more championships in the future!

The annual newsletter was sent out in August to all members of the Club as well as commercial buyers in the Province.

KZN club now has 14 commercial members who are kept up to date with activities in the Province and who now also receive the national Society Newsletter.

James Stephen
Chairman

A VISIT TO SUSSEX ENGLAND

by James Stephen

Having been a stud breeder since 2009, it was interesting to be able to visit the home of the breed this year. During June the calves were already 3 months old and the summer was proving to be drier than usual. I first visited a commercial herd of Sussex near Oxsted in Kent. The 300ha farm with a manor house dating back to 1540 is managed by Bill Peters and consists of steep, rolling hills with some arable cropping in the valleys. Bill manages 160 cows singlehanded and only has the help of his wife when he needs to inoculate animals. These commercial cows weigh around 550kg and wean calves of around 240kg at 6 months. As can be seen from the photo, the modern Sussex has a very smooth coat in summer.

The next farm to be visited was near Mayfield in Sussex. Here a registered Sussex herd of 70 females is managed by Brenda Hide on 200ha of typical heavy Sussex clay soil. Members who attended the International Congress last year will remember meeting Brenda (who also judged with Martin Seyferdt). The emphasis in the Mayfield herd is breeding larger framed, polled animals as the trend is to reduce costs and stress of dehorning wherever possible. I estimated that the average weight of the large framed Mayfield cows was around 700kg.

Breeders in Britain started to introduce polled genetics about 20 years ago, making use of an appendix system using selected Red Angus bulls. Some F3 polled bulls' semen was exported to South Africa in turn, where a number of F4 bulls are now available in addition to the polled Sussex lines from Australia. In the picture can be seen large framed 7/8ths Sussex cows weighing 700kg plus, being mated to a medium frame traditional bull with medium-early maturity and good muscling.

In Southern England in summer, flies on cattle are a constant problem. To combat this an ear-tag is available which releases controlled amounts of a pyrethroid and which lasts the whole summer. These tags are removed at the end of summer and replaced with new tags when the build-up of flies reaches a problem level. (See pic attached).

Traditionally animals were housed in partly covered cattle yards and fed with hay, turnips or swedes and which was supplemented with oilseed cake. In Sussex with its heavy clay soils, cows are nowadays kept indoors for as short a time as possible and fed mainly silage in the winter months. This is not because of the cold temperatures but to save the pastures from excessive trampling, as animals would otherwise spend a lot of time in mud up to their fetlocks. The cows normally calve from March-April and then fend for themselves from May to October.

Historically in this area Sussex oxen were trained to the plough at three years old and worked for another three years before being finished for the butcher. Any animals with a poor temperament were culled, and the result is that Sussex are very docile and to this day are easy to handle.

Karkas kompetisie

De La Reyville: Sussex blink uit!

Die jaarlikse karkaskompetisie van die De La Reyville Boerevereeniging is gehou op Donderdag 22 Oktober 2015, by die De La Reyville Boerevereeniging veilingskompleks, en is baie goed ondersteun.

Die Sentrale Sussex klub, onder leiding van mev Daleen Potgieter en bygestaan deur mnr Nico Bouwer het die reëlings vir ons uitstalling getref, en mnr Bouwer het 'n top Sussex bul en koei uitgestal.

Nie minder nie as 80 diere van verskeie rasse is vir die kompetisie ingeskryf, en daar is 'n groep van 4 suiwer Sussex diere ingeskryf deur Huntersvlei.

Eers was die beoordeeling op die hoef aan die beurt. In die groepsklas het ons uitgeval, maar in die individuele klas is Huntersvlei aangewys as reserwe kampioen. Die diere is daarna slagpale toe waar die karkasse Saterdag beoordeel is.

Hierdie is die belangrikste deel van die kompetisie, en hier is die Sussex van Huntersvlei aangewys as die kampioen karkas!

Sussex het as mede hoofborg opgetree, en ek het die geleentheid gehad om as spreker op te tree, en sodoende die ras te promoveer. Wat 'n uitstekende geleentheid vir boere om die unieke eienskappe van Sussex in die praktyk te sien!

Baie geluk aan mnr Dallas Phillips van Huntersvlei met hierdie besondere prestasie, en vir die lede van die Sentrale klub vir die deelname en reëlings.

Arno Cronje

VELDBUL KURSUS

'n Veldbul kursus word in Vrede by Moreson Wildplaas deur VBSA aangebied. Hoofspreker Dr Hannes Dreyer. Begin 9 uur die oggend. Teoretiese sessies voor en na tee tot 1 uur. Ete volg waarna hulle doen praktiese oefening op plaas naby. Kursus eindig gewoonlik hier by 4 uur.

Vrede is bietjie meer as 3 ure vanaf Bloemfontein en so 2 ure vanaf Johannesburg. Enige iemand wat belangstel mag die kursus bywoon insluitend kommersiële boere.

Vir meer besonderhede kontak Dr Hannes Dreyer: 082 8231045 Koste R2200 vir die een dag kursus.

ProAgri
tegnologie vir die boer
technology for the farmer
Boer slim!
www.proagri.co.za

Komende Aktiwiteite

Senior Beoordelaarskonferensie 19 Januarie 2016
Raadsvergadering 20 Januarie 2016
Vryburg Skou Streekkampioenskappe 6 - 8 April 2016
Bloem Skou (uitstalling) 27 April - 7 Mei 2016
SA Stamboek Elite Bulgroeitoetskompetisie te Bloem Skou - 3 Mei 2016

The Sussex Office closes

The Sussex Office closes on 11 December 2015 at lunchtime and re-open on 4 January 2016.

Find published Sussex articles on Linked in (Sussex Cattle Breeders' Society of SA)

Kerswense

Geagte Sussex teler, lid en kliënt.

Ek wil u elkeen hartlik bedank vir u ondersteuning oor die afgelope jaar, wat een van die moeilikste jare in boerdery geskiedenis was. Nie net in die natuur nie, maar ook wat Genootskap sake betref, waar die raad se besluitneming deeglik getoets is. Graag bedank ek elkeen wat inspraak gegee het of 'n bydrae gemaak het om dit suksesvol te kon hanteer in belang van die Genootskap en sy lede.Daar is 'n totaal nuwe benadering deur die raad, en ons is hard aan die werk om die ras na nuwe hoogtes te neem. U as lid en kliënt, is die Genootskap se belangrikste bate en wees verseker dat ons u belange op die hart dra.

Ek wens u elkeen voorspoed toe vir die nuwe seisoen en seënwense vir die Feestyd wat voorlê.

Arno Cronje
(President)

Bemarking: Sosiale Media

Dankie dat jy ons volg op Facebook (Sussex Cattle Breeders' Society of SA) en Twitter (Sussex Society/ @SussexSociety).

Volg ons nou ook op Linked in (Sussex Cattle Breeders' Society of SA) en Pinterest

Stuur jou mooi foto's vir ons Pinterest na sussex@studbook.co.za

The Sussex Calendar 2016 will be posted to 500 buyers and all members.

Contact the Sussex Office if you did not receive yours by beginning of January 2016

SUSSEX SÊ DANKIE/ SUSSEX SAYS THANK YOU

Baie dankie aan ons Nasionale Veilingsborge

Hoofborge:
GWK, FNB, Molatek

Ander borge:
Skycountry, André Pretorius Fotografie, Du Toitskloof Wyne